BEROEPENUUS– 19 Mei 2013

Beroepe ontvang
Proponent CC Mathundela na Daveyton

Beroepe aanvaar
Ds JG van der Walt van Reddersburg na Empangeni.

Beroepe bedank
Ds ASA de Bruyn van Wilropark na Heidelberg.

65 + Funksie– Kom kuier saam met ons by die kerk op **25 Mei 2013** dan neem ons u op 'n reis na Griekeland. Bevestig aub. voor 22 Mei 2013 as u die uitnodiging gaan aanvaar. Skakel vir sr Amanda by kerkkantoor voor 13:00. 012-3262290.

Ons Sabbatsrus vind ons in God se genade –deur ds. E Kayayan

Vervolg van verlede week

Christus se sentrale plek in die Sabbat.

Jesus gee inderdaad 'n nuwe dimensie aan ons belewenis en viering van die Sabbat, want hy bring 'n element van voltooiing wat in die Ou Testament nog nie teenwoordig was nie. Daarom sê die outeur van die Hebreërbrief duidelik dat Josua,wat die volk in die beloofde land ingebring het, nie die finale rus vir hulle gegee het nie, sonder om te praat van al die Israeliete wat in die woestyn gesterf het as gevolg van hulle gebrek aan geloof. Christus, Hy alleen, voltooi die werk. Alleen dié wat in Hom ingeënt is, kan in die ewige Sabbatsrus ingaan. '*Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou'* (Hebreërs 3:14).

Volhard in God se rus

Rus in God se genade verg wel inspanning: dit is ''n opdrag wat aan ons gegee is. Dit is die hoofboodskap van ons teksgedeelte: ons moet nie afvallig word nie, sodat ons in God se rus kan ingaan. Die behoud van die Sabbat is egter nie 'n goeie werk, soos die Jode daarvan gemaak het nie. As ons inspanning 'n goeie werk sou wees, sou ons die verlossingsdaad ontken wat deur Christus voltooi is. Dan sou ons ons rus nie meer uitsluitlik in God se genade vind nie. So 'n goeie werk het niks in gemeen met die Sabbatsrus van God nie. Ons sou onsself aan 'n wêreldse vorm van rus en vrede oorgee wat ons heeltemal sou onderdruk; hetsy 'n Fariseïstiese vorm van wettisisme oor die Sabbat, of 'n wêreldse vorm van ontspanning wat hoegenaamd nie die volharding in die geloof handhaaf nie. Nie een van die twee is die inspanning waaroor ons teks handel nie.

Word vervolg

GEMEENTEKAMP– Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennisgewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak– 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

Vandag – Ansie Putter 0826141665	23/05– Dominique van den Berg 0833791431
20/05– Magriet Venter 0734444410	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur*

Baie geluk met u verjaarsdag

Al verdien 'n man dit nie, eer hom na sy posisie. Dis al genoeg dat hy die posisie oneer aandoen – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za
Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

19 Mei 2013

EERSTE EREDIENS–(9h00)
(Voorbereiding en belydenisaflegging)
Skriflesing: 1 Thessalonicense 2:1-20
Teks: 1 Thessalonicense 2:3-4; 13; 19-20
Sing: Ps. 43:3,4; Ps. 50:7,8; Ps. 33:7; Ps. 20:2,6,9; Ps. 68:9

WAARDIGE BEDIENAARS PREEK GELOOFWAARDIG

Wat maak dat ons as kerk kan aanhou om waarlik kerk te wees? Ons kan alleen aanhou as ons geloofwaardig sal wees.

Ons tema vanoggend is– ***waardige bedienaars maak die kerk geloofwaardig deur hulle prediking***. 1. Wanneer is 'n bedienaar dit waardig in wat hy doen. 2. Die belang van die geloofwaardige prediking. 3. Die erekrans waarmee God die geloofwaardige dienaar en kerk mee beloon.

KATKISASIE– Katkisasie gaan voort

TWEEDE EREDIENS– (ná katkisasie)
Skriflesing: Johannes 6:37-40; 10:22-30; Romeine 8:28-39
Dordtse Leerreëls : Hoofstuk 5 Paragraaf 8
Sing: Ps. 87:1; Ps. 1:4; Ps. 138:4

DIE UITVERKORENES IS ALTYD IN GOD SE HAND

God neem sy Gees nie heeltemal weg nie, God bewaar sy saad, die onverganklike saad van die wedergeboorte in sy kinders.

In aansluiting by die vorige twee paragrawe staan paragraaf 8 net so sterk. Paragraaf 8 gee eintlik nog 'n derde rede waarom die uitverkorene nie verlore kan gaan nie. God voorkom dat die uitverkorene die genade verloor. Dit is waaroor par.8 in wese oor handel.

Die heilsorde soos ons dit ook in Rom 8:30 lees, dit vorm soos die skakels van 'n ketting wat God nie sal toelaat dat die ketting breek nie.

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 1 en 2
Ouderlinge: Deon Vosloo en Koos van der Merwe
Diakens: Chris Putter

Volgende Sondag– Wyke 4 en 5
Ouderlinge: Pieter van der Dussen en Frik Eloff
Diakens: Francois Keulder en Wynand Du Venage

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Sr Jansie van Tonder, ons oudste lidmaat (102 jaar) se toestand is kritiek in die Rose-park hospitaal in Bloemfontein. Ons bid haar en al die familie die Here se nabyheid en ontferming toe in hierdie swaretyd. **Br Piet van der Kooi** se toestand is wisselvallig. Daar het weer bloeding op die brein gekom en die dokter is nie seker of hy weer sal kan opereer nie. Hy is steeds in Muelmed hospitaal. Ons gebed is dat die Here in die tyd sy hand oor hom en sy geliefdes sal vashou. **Ds. Andries Mulder** se knie het verbeter. Hy is by die huis. **Br Dries de Ridder** wat die laaste weke swaarkry met sy rug, maar wie se gesondheid in die geheel nie reg is nie, dra ons aan die genadetroon van die Here op. Mag daar weer vir hom beterskap kom. **Sr Martie Steyn** het geval en baie seergekry. Ons vertrou dat sy goed mag herstel. **Sr Hester van Vuuren** het geval en ernstig seergekry. Haar heup is ook gebreek. Sy is wel uit die hospitaal ontslaan maar die heup is nog nie herstel nie. Ons dink aan haar en bid dat daar vir haar uitkoms mag wees. . **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. .**Sr. Lenie Labuschagne** wat vir lang tye nie meer in staat is om eredienste by te woon nie, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Sy woon in Huis Davidtz. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is http://bit.ly/XLiTlk
Facebook is on.fb.me/14sXfbM

SUSTERS-

ETE NA NAGMAAL–

Spyskaart vir eerskomende Nagmaal
DV 26 Mei 2013
Bees– of skaapbredie, rys, mengelslaai, broodjies, Nagereg, Gebakte poeding en vla.

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Daar is nog min reaksie op versoek om blikkieskos en ander nie-bederfbare produkte aan kinderhuis te skenk. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Emeritaats-fonds Instand-houding
26/05//2013 **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger kinderhuis DVB	Emeritaats-fonds Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
19/05	Voorbereiding Belydenisaflegging
25/05	65+ Onthaal
26/05	Nagmaal en Nabetragting
11/06	Finans-Advies vergd
13/06	Kerkraadsvergd

BESKUITPROJEK VIR BEJAARDE LIDMATE–

Bestanddele benodig: 10kg Rama margarien ; 25 kg bruismeel; 60 eiers; 10 lit karringmelk; 10 kg suiker; 1 kg All bran vlokkies

JESUS-Die Musiekblyspel—<u>Moet dit aub nie ondersteun nie!</u> Vergelyk Sondag 35 Kategismus

*Hierdie godslastering begin reeds by ons kerk se weste-ingang met die plakkaat aan van die pale gesit wat hierdie "blyspel" adverteer, waaroor ons moet treur en glad nie oor kan bly wees nie. "**God kan op geen enkele manier afgebeeld word nie... Nog minder mag 'n mens homself/haarself aanmatig om in een of ander kuns produksie die rol van God voor te stel!** Laat Sone Combrinck wat met Kanselteater saamwerk ons hartseer, opstand en misnoeë hoor. So ook Johan Scholtz wat hierdie godslastering se teks en regie behartig. Begin deur dit te veroordeel en eenvoudig te boikot! Sone se e-pos waarmee ons ons beswaar kan rig is sone.combrinck@facebook.com*

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 3

Addergeslag – Johannes spreek nie net die verleiers aan nie, maar die mense uit die volk wat hulle gevolg het. Onderliggend aan hulle leer en lewe lê daar **gif**. Daarmee gee hy, onder inspirasie van die Heilige Gees, te kenne dat hulle waarlik van die saad van die slang (Satan) is. Die aandag word gerig op die ware diepte van hulle sondigheid, om hulle tot berou en bekering te roep. Hierdie wraak van God het in die eerste plek al begin met die val van Jerusalem in 70vC, maar sal volvoer word in die Dag van die HERE – die Oordeelsdag.

3:8-9, Vrugte – Hulle het net soos alle ander mense nodig om tot berouvolle bekering te kom, in plaas van om hulle verhewe te voel bo ander. Afstamming van Abraham is nie hulle redding nie, en gee hulle `n valse gevoel van sekuriteit. Redding kom nie deur geboorte uit Abraham se geslag nie, maar wedergeboorte deur God.

3:10 – *Hierdie is die teksvers van `n preek van Totius oor **die byl teen die wortel.***

*Om God se streng geregtigheid en genade bymekaar te bring, is nie maklik nie. Daarom meen sommiges dat God **net** liefde is en dat Sy toorn maar verbeelding van mense is. Hulle meen dat ons nie soos skuldige kinders na hulle pa toe, hoef te wees om na God te gaan nie. Ander meen weer dat God te streng is. `n God wat van Abraham eis om sy seun te offer, kan nie die ware God wees nie.*

Dit is hoe ongelowiges en twyfelaars redeneer. Een van hierdie eienskappe van God word gewoonlik prysgegee in hulle redenasies. Hulle het die Woord losgelaat, wat ons die troos gee .

Met die begin van die Nuwe Testament word die stem van Jesaja baie gehoor. Hy het die herstel van Jerusalem dikwels genoem. Die tweede deel van Jesaja is "net musiek en lofsange waarvan die teruggekeerde volk van God en die glorie van Jerusalem die middelpunt is." Daarom sing Simeon van "`n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van U volk Israel," en Maria sing hoe Hy die kneg Israel bygestaan het. Sagaria jubel oor die Lig. Nou begin Matteüs ook met `n verwysing na Jesaja, wat profeteer het oor Johannes:

"Die stem van een wat roep in die woestyn."

Totius vergelyk Johannes se prediking met Jesaja s'n, as hy praat van "addergeslag", die "vuur" van die Gees, die "skop" en "dorsvloer", en dan oor die "onuitbluslike vuur" en die "byl". (Vgl. Jes 9:18; 10:17, 34; 21:10; 28:27; 40:24; 41:15; 47:14.)

*Die **boom** waarop Johannes sinspeel is Israel. `n Bos wat uitgeroei gaan word. Dit laat Totius dink aan Jes 61:3 waar Israel "eikebome van geregtigheid" genoem word. Die eik gaan vernietig word. Vir hom is die eik onder die bome, wat die leeu onder die diere is. Koninklik, vergeleke met party ander bome. Israel was so `n eik, in sy "tydverdurende krag". Uit Abraham gebore en deur eeue het hulle bestaan. Groot ryke het in daardie tye verdwyn of gekwyn, soos Egipte, Assirië, Babilon. Die boom staan nog in Johannes se tyd.*

Totius voer dan terug na Jesaja om te sien onder watter omstandighede Johannes die boom vind, veral as hy let op God se geregtigheid.

1.Die gestrengheid van God

Jes 1:30 sien Israel al soos `n eik waarvan die blare verdor. God sal hulle eers lig straf, deurdat die winter oor die eik kom. Dan kom die somer weer.

As Israel voortgaan met sondig, word die straf swaarder. In Jes 6:13 is die eik se takke afgekap. Die byl het gekap ! As die snoeiwerk tog net help, dat nuwe takke uitgroei. Daardie takke was ook nie tot eer van God nie. Assirië word gestuur om die oorblywende stomp ook af te kap: In die ballingskap bestaan die volk en sy land nie meer nie.

Maar God hou Sy Verbond. Weer spruit die stomp uit. Israel keer terug. Maar in Johannes se tyd lê die byl al weer teen die stam ! "God verspil nie Sy gawes nie en ook nie Sy kastydinge nie. Wat eenmaal was, kom nooit weer nie."

*Die gelowige moet ook in sy individuele lewe kyk na die beproewinge en weeg of dit nie met sy lewe steeds erger gaan nie. Ook die **volkslewe** moet bekyk word. Was die droogtes en plae te lig ? In ons land was daar die Vryheidsoorloë, weer herstel, maar weer verharding. Totius het reeds gevoel dat die wortel van die volksbestaan bedreig word. As daar nie terugkeer is nie, kan die Afrikaanse naam weggevee word.*

Hoeveel meer kan dit nie vandag gesê word nie ! *word vervolg*

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

9 Mei 1828– Dr. Andrew Murray (jr.) gebore; *9 Mei 1872–* Danie Theron (Boereverkenner) gebore; *9 Mei 1883-* Pres Paul Kruger as staatspresident ingehuldig (weer in 1888,1893 en 1898 herkies); *10 Mei 1961–* CR Swart as eerste Staatspresident van RSA verkies; *17 Mei 1901–* Betsie Verwoerd (Schoombee) egg HF Verwoerd gebore; *19 Mei 1901–* Pres MW Pretorius oorlede; *22 Mei 1874-* Dr. DF Malan gebore; *27 Mei 1874–* Eerste deel van Dorslandtrek begin; *28 Mei 1911–* ds. SJ du Toit oorlede; *31 Mei 1844–* Anneksasie van Natal deur England.